HERTOEWYDING TOT DIE ONDERHOUDING VAN DIE 1939 BROEDERSKAP OOREENKOMS SOOS VOORGEHOU AAN DIE VOLK DEUR TOTIUS EN SOOS BEKRAGTIG DEUR DIE INSTEMMING VAN SOWAT 70 000 VOLKSGENOTE TE VOORTREKKERHOOGTE.

Referaat gelewer by die 8ste Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika op 17 September 2016 te Orania deur Dr. Ronnie (C. A.) van der Merwe

NASIONALE MERK

EIERS PLUIMVEE GROENTE SPEK VLEIS VRUGTE

GEWAARBORGDE PRODUKTE

Die Transvaler

SWEET-ORR MOTOR-WERKSKLERE

TWEEDE JAARGANG. No. 292. Gedruk en uitgegee deur die Voortrekkerpers Bpk., Hoekstraat 18-24, en verspreid deur die Sentrale Nuuseagentskap, Johannesburg MAANDAG 11 SEPTEMBER 1939 Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad TWEE PENNIES

MEER AS 70,000 AFRIKANERS JUBEL OOR

Met 'n vierkleur om die skouers gehang sit die twee volksleiers en luister na die volksvergadering se betuiging van eenheidstrewe op die Pad van Suid-Afrika. (Verdere foto's op bll. 5 en 6).

HERENIGING VAN VOLK

Donderende Trou Aan Republiek

TREKKERIDEALE GEHULDIG

DIE HULDIGINGSBYEENKOMS TER ERE VAN Dr. D. F. MALAN EN GENL. J. B. M. HERTZOG SATERDAGMIDDAG AAN DIE VOET VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT, WAT DEUR TUSSEN SEWENTIG- EN HONDERDDUISEND MENSE BYGEWOON IS, HET IN DIE EERSTE PLAAS UITGELOOP OP 'N MAGTIGE DEMONSTRASIE VAN VREUGDE

Die Volksverklaring

DIE volksverklaring, wat deur Totius voorgelees is, lui as volg:

„In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen tril van aandoening, waarin die gewaad van lof 'n benoude goes vervang, waarin 'n heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons, nog geen jaar later nie, op dieselfde plek staan waar ons as nasie saamverbonde gestaan het, maar nou nie meer alleen met 'n WENS in ons harte nie, maar met die DAAD van volkseenheid voor ons oë— in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons vaders aan ons regte verordeninge en betroubare welte gegee het, maar ons moet ook erken dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons een en almal nie alleen ons hoë volksroeping versaak het nie, maar ook, tot ons straf, onder mekaar getwis het.

„Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat het nie, maar ons nog steeds op die regte Pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van sy wet mag leer soos dié bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe.

„Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te besef dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit ooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met opheffing van ons hande."

DOKTERSGRAAD SONDER EKSAMEN

Rekruteringsplan Van Die Randse Universiteit

DIE vervroeging van die eksamens van alle studente in die finale

Volk Gee Premier Geen Rede Om Krygswet Uit Te Roep Nie

A. HISTORIESE AGTERGROND

Dit is vandag op 7 dae na, presies 77 jaar later dat hierdie vergete Gelofte weer vir die eerste keer deur die volk in oënskou geneem word.

Vir die aanloop tot die volksbyeenkoms op 9 September 1939 te Voortrekkerhoogte, is dit nodig dat kortliks gekyk word na die gebeure in Afrikaner/Boere geledere sederd 1902 na die be-eindiging van die Tweede Vryheidsoorlog (ABO2).

In Januarie 1906 kom die Liberale party in Britanje aan bewind. Hierdie Party het die oorlog teen ons volk afgekeur en het met bewindsoorname 'n beleid van versoening teenoor ons volk begin volg. Die gevolg was dat verantwoordelike selfregering in Desember 1906 aan die Transvaal toegeken is en in Junie 1907 aan die Oranje Vrystaat. 'n Belanrike keerpunt in ons volk se geskiedenis vind op hierdie stadium plaas. Vir die eerste keer word politieke partye in die Republieke gestig met die oog daarop om as party, en dus 'n volksgroepering, die bewind te bekom en die land te regeer.

In Februarie 1907 wen die Hetvolk Party (in ooreenkoms met die National Association) die verkiesing in die Transvaal. Louis Botha word Eerste Minister en Jan Smuts word Koloniale Sekretaris. In November 1907 kom die Orangia Unie Party in die Oranje Vrystaat aan bewind met Abraham Fisher as Eerste Minister en Generaals JBM Hertzog en CR de WET as Ministers. In die Kaap kolonie kry die ontkieserde rebelle weer stemreg. In Februarie 1908 wen die Suid-Afrikaanse Party die verkiesing hier met John X Merriman as Eerste Minister.

Behalwe die ekonomiese probleme het al vier provinsies 'n groot verskeidenheid van volkere gehuisves wat ordelik bestuur moes word. Die leiers van die vier kolonies het begin dink dat die vereniging van Suid-Afrika die oplossing van vele probleme sal wees. Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika toe totstand gekom.

'n Losse samebinding van die Hetvolk Party, die Orangia Party en die Suid Afrikaanse Party wen die verkiesing op 15 September 1910.

In November 1911 verenig die drie partye as die Suid Afrikaanse Nasionale Party. Fietlik alle groot Afrikaner leiers was daar, o.a. oud president Steyn, Genls. Hertzog, Dela Rey, Botha, Smuts asook Fisher, en Merriman. Louis Botha word Eerste Minister. 'n Groot getal engelssprekendes gee ook hul steun. Kritiese brandpunte wat hanteer moes word en drastiese wendings in die Afrikaner/Boere samelewing sou meebring, was as volg:

i) Die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes (met die invloed wat dit kon hê op die uitbouing van die Afrikaanse taal en kultuur);

(ii) die politiekebestuur van die inheemse volkere en die Asiërs; en

(iii) die verhouding met, en die onderhorigheid aan Groot Britanje.

Die politieke posisionering rondom hierdie aspekte in die party politieke gewaad en die slaafse navolging van leiers het vorentoe die Afrikaner/Boere samelewing vervorm in 'n kookpot van twis en broederlike haat. Hertzog, as Minister van Justisie, lewer toesprake wat aanstoot gee aan ander kabinet ministers waarop Louis Botha bedank as Eerste Minister. Hy word deur die Britse Regering versoek om weer 'n kabinet saam te stel. Hierdie keer laat hy Hertzog sowel as die persone wat aanstoot geneem het, uit die kabinet.

In reaksie hierop stig Hertzog die Nasionale Party op 7 Januarie 1914. Vanuit hierdie volksverdeling ontspring die haatterme waarmee volksgenote mekaar toesnou soos verloopte Afrikaners, imperialiste, rassiste, ekstremiste en fanatikuste.

Op 4 Augustus 1914 breek die Eerste Wereldoorlog (WO1) uit. Die Botha regering se besluit om aan Britse versoek te voldoen om Duits-Wes Afrika aante val bring groot verdeeldheid onder Afrikaners mee en gee aanleiding tot rebellie. Ongeveer 12 000 rebelle neem die wapen op en Botha kondig noodgedwonge krygswet af op 12 Oktober 1914. Hy gebruik slegs Afrikaners om die rebellie te onderdruk - dus 'n stryd van broer teen broer, Afrikaner teen Afrikaner. Die uiteinde hiervan is dat 190 rebelle sneuwel en 132 aan regeringskant met generals De la Rey en Beyers dood, genl. de Wet in die gevangenis, Maritz oor die grens gevlug en Jopie Fourie ter dood veroordeel en tereggestel.

Afrikaner nasionalisme word gestimuleer en grootgetalle Afrikaners verlaat die Suid-Afrikaanse Nasionale Party en wend hulle tot Hertzog en die Nasionale Party (NP). Die nasionaal gesinde Afrikaners stig die Nasionale Pers in Desember 1914 en begin propaganda mondstukke van die NP uitgee nl. "Die Burger" (met Dr DF Malan as redakteur) in die Kaap, "Ons Vaderland" in Pretoria en "Het Volksblad" in Bloemfontein. Hierdie mondstukke het Afrikaner nasionalisme en selfstandigheid bevorder maar dan terselfdertyd ook afkeur en minagting teen die res van die Afrikanervolk aangeblaas.

Op 5 Junie 1918 is die Afrikaner Broederbond gestig met die volgende oogmerke:

1) Om eenheid onder volksgenote te bevorder terwille van die welsyn van ons volk;

2) om 'n Afrikaanse selfbewussyn en liefde vir ons taal, godsdiens, tradisies, land en volk te bevorder;en

3) die belange van ons volk in die algemeen te bevorder.

Die Helpmekaar Vereniging word in 1916 gestig en betaal teen 1917 al die rebelle se boetes en siviele eise teen hulle.

Op 27 Augustus 1919 sterf Louis Botha en word opgevolg deur Jan Smuts. Die volk wil verenig maar op 22 September1920 misluk die groot herenigingskongres te Bloemfontein omdat Hertzog en Smuts mekaar nie kan vind nie. Die groot struikelblok was ons land se verhouding met Britanje. Hertzog het hom beywer om ons land los te maak van die Britse Ryk terwyl Smuts van oortuiging was dat dit vir die land die beste sal wees om die Britse verbintenis te behou. Op hierdie beginselbasis was ons volk tot in haar fondamente verdeeld en het volksgenote met teenoorgestelde oortuigings mekaar met afkeur en haat bejeen.

Na die WO1 het die wereld en ook ons land 'n ekonomiese insinking beleef. Die Kamer van Mynwese stel in Oktober 1921 voor dat die mynwerkers se lone verlaag word en in November 1921 dat die status quo ooreenkoms (wat die getalle verhouding tussen blankes en nie-blankes reel) gewysig word in die guns van die nie-blankes omdat die nie-blankes bereid was om vir laer lone te werk. In Januarie 1922 begin staak die blanke steenkoolwerkers en die goudmynwerkers. Op 'n massa vergadering te Johannesburg besluit die mynwerkers om die regering omver te werp en hulle keur kapitalisme af. Smuts word gedwing om krygswet af te kondig op 10 Maart 1922 en die weerstand word be-eindig op 14 Maart 1922.

Tweehonderd mense sterf en 18 leiers word ter dood veroordeel waarvan na begenadiging van 14, vier uiteindelik die hoogste tol betaal. Hierdie gebeure laat golwe van haat en teenspraak in ons volksgeledere. Smuts en sy volgelinge word gejou as anti-blank en handlangers van die geldmag. Mynwerkers verlaat op grootskaal die SAP en die NP en die

Arbeiders Party groei in steun. Samewerking ontstaan tussen die NP (wat anti-Empire is) en die Arbeiders Party (wat anti kapitalisties en sosialisties is). Dit het as die Pakt bekend geword. In Junie 1924 neem die Pakt die regering oor met Hertzog as Eerste Minister.

Op 'n aanbeveling van 'n komitee wat bestaan het uit die eerste ministers van Suid-Afrika, Kanada, Australie", Nieu Zeeland, Ierland en die Britse Minister van Buitelandsesake, word die Balfour verklaring in 1926 uitgereik. Dit deffinieer die posisie van Britanje en die dominiums as "outonome gemeenskappe binne die Britse ryk, gelyk in status, op generlei wyse die een aan die ander ondergeskik ten opsigte van binne-of buitelandsesake nie hoewel verbonde deur hul gemeenskaplike trou aan die Kroon en vryelik verenig as lede van die Britse Gemenebes van Nasies. "Tog was daar nog 'n mate van onderhorigheid aan die Britse regering. Dit is uit die weg geruim deur die Westminster Statuut (1931) wat aan ons regering soewereine gesag gegee het (soos wat Kanada, Australie" en Nieu Zeeland nog steeds vandag regeer word.)

Sederd die Balfour Verklaring het die vlagstryd in ons volk begin. Volksleiers het die Volk in kampe verdeel sodat volksgenote 'n afsku in mekaar gehad het. DR D. F. Malan wou 'n "skoon" vlag hê wat nie besoedel is met die Britse vlag nie. Hertzog en Smuts se voorstelle het verskil maar beide wou die geskiedenis uitbeeld met 'n kompromis vlag. Na 'n lang stryd en baie onmin is die nasionale Unievlag toe gehys op 31 Mei 1928.

Die groot depressie tref die wêreld en ons land se ekonomiese toestand versleg drasties. Hertzog vra Smuts se samewerking om die land deur die depressie te help. Op 15 Februarie 1933 word 'n ooreenkoms bereik. Smuts word adjunk Primier met die Kabinet bestaande uit 6 NP lede en 6 SAP lede.

Die Volk is feitlik verenig want met die verkiesing van Mei 1933 wen die nuwe koalisie 136 setels teenoor die 14 van 4 ander partye en onafhanklikes. Maar DR D. F. Malan is hewig teen hierdie samewerking gekant en 'n stryd het tussen Malan en Hertzog losgebars. Hertzog het die oortuiging gehuldig dat die samewerking van die engelssprekendes verkry moet word en dat algehele samewerking noodsaaklik is vir ekonomiese oorlewing en herstel. Malan het die "smelters" van imperialisme beskuldig en dat die saak van nasionalisme versaak word. Hy was nie tevrede met die soewereiniteit wat die land onder die Westminster Statuut ontvang het nie en wou die status van Republiek bekom.

Met die samesmelting van die NP en die SAP op 5 Desember 1934 is die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party(VP) gestig. Toe die Parlement open in 1935 het Malan en 19 parlementslede in die opposisiebanke plaas geneem as die "gesuiwerdes". Dit het opnuut 'n tydperk van haat en belediging vir ons volk ingelei. Na die stigting van die VP, met Hertzog as Eerste Minister, het die ekonomie herstel en is ook belangrike Nie-blanke wetgewing deurgevoer. In 1938 kondig Hertzog "Die Stem van Suid-Afrika" aan as die amptelike Volkslied en die Unievlag as enigste vlag.

In 1938 word die Groottrek herdenk met feesviering en optogte en op 16 Desember 1938 word die hoeksteen van die Voortrekker monument onthul. Daar is 'n opwelling van nasionalisme en die "gesuiwerde NP" maak sodanig beswaar dat Hertzog die Voortrekker ideal oneer sal aandoen indien hy as Eerste Minister die onthulling sou doen. (Die staat het ook 'n stewige finansiee"le bydrae tot die oprigting van die Monument gemaak).

As gevolg van die neerhalende houding jeens hom het Hertzog onttrek en het Malan die geleentheid te baat gevind en in sy plek opgetree.

Op 3 September 1939 breek die Tweede wereld oorlog(WO 2) uit. Op 4 September 1939 word twee opponerende standpunte vanuit die regerende party geledere (VP) ter tafel gelê:

1) Genl. Hertzog se standpunt is dat Suid-Afrika ingevolge die Westminster Statuut die reg het om neutraal te bly in WO 2.

2) Genl. Smuts se standpunt is dat terwille van goeie verhoudinge met Britanje en die ge-alieerde lande asook die gevaar van Nazi wereld oorheersing,

Suid-Afrikaanse burgers op 'n vrywillige basis vir die oorlog by die weermag kan aanmeld. Smuts se standpunt verslaan die' van Hertzog met 80 stemme teenoor 67. Hertzog bedank uit die VP met 'n aantal volgelinge maar sluit nie by die Gesuiwerde NP van DR Malan aan nie. Die Gesuiwerdes se aandrang op Republiekstigting was na sy mening ontydig omdat die land nie kon bekostig om in die krisistyd en die toenemende swart bedreiging die Engelssprekendes te vervreem nie. Groot bitterheid, verdeeldheid em verwarring het in ons volk voortgestu. Die Gesuiwerdes is beskuldig as pro-Nazi, die Hertzogiete as anti Republikeins en verlooptes en Smuts en die VP as imperialiste.

B. DIE VERBOND (Volksverklaring, Gelofte)

Die vroeëre ondersteuners van Malan en Hertzog wou graag hereniging hê. In die momentum van die spontane opwelling van volksemosie wat die simboliese ossewatrek van 1938 meegebring het, kom sowat 70 000 volksgenote ter hereniging bymekaar by die Voortrekkermonument op 9 September 1939.

Ten aanloop hiertoe het die Afrikaner Broederbond (via die FAK) vir Prof. J. C. van Rooy afgevaardig om Prof. J. D. du Toit (Totius) te beweeg om vir die geleentheid "'n Gelofte op te stel waarmee die volk hom voor die aangesig van GOD sou verbind om alle verdeeldheid te staak en alle broedertwis te be-eindig." Daar was by Totius groot huiwering oor hierdie gewigtige saak. (Terloops, Totius het op twee versoeke geweier om by die AB aan te sluit.)

Hy het aan Prof. van Rooy gevra: "Gestel ek stel die Gelofte op en die volk verbind hom plegtig aan die inhoud daarvan, is jy oortuig daarvan dat die volk sy Gelofte gestand sal doen?" Onder druk het Totius met huiwering toegegee en op 9 September het hy die volk voorgegaan met die Gelofte "om mekaar nooit weer los te laat nie". Hierdie Gelofte is deur die duisendes afgelê en Dr. Malan en Genl. Hertzog het mekaar die hand gegee.

Die Volksverklaring (of die Gelofte soos Totius en Prof. van Rooy dit genoem het) is soos volg aan die volk voorgehou:

Die Volksverklaring

DIE volksverklaring, wat deur Totius voorgelees is, lui as volg:

„In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen tril van aandoening, waarin die gewaad van lof 'n benoude gees vervang, waarin 'n heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons, nog geen jaar later nie, op dieselfde plek staan waar ons as nasie saamverbonde gestaan het, maar nou nie meer alleen met 'n WENS in ons harte nie, maar met die DAAD van volkseenheid voor ons oë—in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons vaders aan ons regte verordeninge en betroubare wette gegee het, maar ons moet ook erken dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons een en almal nie alleen ons hoë volksroeping versaak het nie, maar ook, tot ons straf, onder mekaar getwis het.

„Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat het nie, maar ons nog steeds op die regte Pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van sy weë mag leer soos dié bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe.

„Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te beseël dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met opheffing van ons hande."

"In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen van aandoening tril, waarin die gewaad van lof u benoude gees vervang, waarin die Heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons nog geen jaar later nie op dieselfde plek staan waar ons as nasie saam verbonde gestaan het, maar nou nie meer met 'n WENS in ons hart nie, maar met die DAAD van volkseenheid voor ons oë in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons Vaders aan ons regte Verordeninge en betroubare Wette gegee het. Maar ons moet ook verklaar dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons almal nie alleen ons hoe" volksroeping versaak het nie, maar ook tot ons straf, onder mekaar getwis het.

Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat nie, maar ons nog steeds op die regte pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van sy weë mag leer soos die bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe.

Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te beseel dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met die opheffing van ons hande."

Hierna het die sowat 70 000 volksgenote met die opheffing van die hande hulle onderneming bekragtig. (Bron: Die Transvaler, 11 September, 1939. Meer as 70,000 Afrikaners jubel oor hereniging van volk.)

C. DIE AARD VAN DIE VOLKSVERKLARING

Die opstel en die aflegging van die Volksverklaring was as 'n heilige saak beskou, nl.:

i) Die AB se versoek was "om Totius te beweeg om 'n Gelofte op te stel waarmee die volk hom voor die aangesig van GOD sou verbind";

ii) Daar was by Totius huiwering oor hierdie "gewigtige saak". Hy het gevra: "Gestel ek stel 'n Gelofte op en die volk verbind hom plegtig aan die inhoud daarvan, is jy oortuig daarvan dat die volk sy Gelofte gestand sal doen?"

Hieruit is blyk dit duidelik dat die AB sowel as Totius, die Volksverklaring as 'n Gelofte beskou het. Dit word verder bevestig deur Totius se latere optrede. Nadat die Volksverklaring afgelê was, het die ergste broedertwis en beswaddering weer uitgebreek. Dit het 'n gewetenswroeging by Totius tot gevolg gehad sodat hy op 14 September 1941 'n persverklaring hieroor uitgereik het "omdat GOD HOM nie laat bespot nie" en om sy teleurstelling en verontwaardiging te verklaar (Die Volksblad, 15 September 1941).

Die Hervormer, Johannes Calvyn, het die aflegging van 'n Gelofte in oënskou geneem: "Alles wat vir 'n vroom en heilige lewe verlang kan word is in die WET van GOD saamgevat. Ook moet ons onthou dat die HERE SY lof volledig in eenvoudige gehoorsaamheid aan SY wil

hierby ingesluit het sodat ons daarvan moet afsien om nuwe werke uit te dink om Hom te behaag. 'n Gelofte moet binne die konteks van die WOORD van GOD afgelê word en die volk of persoon se hele lewensingesteldheid moet wees om GOD te behaag. "Dit is volledig binne die konteks van Wetsgehoorsaamheid waarin die Volksverklaring afgelê is. Dit is ook hieruit wat die latere wroeging van Totius na vore gekom het. Die Apostel Paulus leer dat alles wat sonder die geloof geskied, sonde is. (Rom. 14:23). Calvyn stel dit dat "in die geval van Geloftes moet die eerste voorsorgmaatreël wees dat ons nie tot 'n Gelofte moet oorgaan voordat ons nie eers in ons gewete vas verseker is dat ons niks onbesonne aanpak nie. Ons moet onthou dat die HERE ons harte ken en uiterlike skyn nie ter sake is nie. Die een en dieselfde saak kan GOD nou behaag en dan weer hewig mishaag as die gesindheid en voorneme verander. "Daarom bly die Psalmdigter by sy voorneme: "Ek sal my Geloftes betaal in die teenwoordigheid van die wat HOM vrees" (Ps 22:26b) en "Op my, o GOD, rus Geloftes aan u gedoen, lofoffers sal ek betaal" (Ps 56:13) en "My Geloftes sal ek aan die HERE betaal in die teenwoordigheid van die ganse volk"(Ps 116:14). Calvyn stel dit verder soos volg: "Dit is die Godvrugtige mens se plig om die beloofde offer as 'n plegtige teken van erkentenis aan GOD te wy om te voorkom dat hy ondankbaarheid jeens GOD se mildadigheid toon. Wat dus van uiterste belang is by die aflê van 'n Gelofte, is die gesindheid by die aflegging daarvan. Dit is dan ook goddeloosheid wanneer 'n hele volk 'n Gelofte aflê maar nie daarby hou nie en wanneer hul normale lewensgang die WET van GOD verag."

Voordat ons ons volk en ons Vaders verdoem tot goddeloosheid, laat ons die Gelofte en die gesindheid in oënskou neem.

D. ONTLEDING VAN DIE VOLKSVERKLARING AS GELOFTE AAN DIE HAND VAN DIE SKRIF

a) *. . . "die gewaad van lof u benoude gees vervang . . .":* "HERE, my GOD, ek wil U loof met my hele hart en U NAAM vir ewig eer. . (Ps 86:12). "Hierdie versugting is ook in ooreenstemming met die beloftes van die SKRIF, nl. "En EK sal tussen jou laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die NAAM van die HERE skuiling soek" (Sef. 3:12). "Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde. . . ." (Sef3:20b)

b) *. . . "die heilige vuur sy vonke van siel tot siel laat oorspat . . .":* Die teenwoordigheid van die Heilige Gees word erken as die Gestuurde van CHRISTUS(die MESSIAS). . . . . ". Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"(Mat. 3:11a, c)

c) *. . . "waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die Heerlike GOD alleen die Wakkerskudder van ons nasie is . . .":* Hiermee word in digters terme weergee dat die volk 'n verbondsvolk is en dat die "wakkerskudding" GOD se bemoeienis met ons volk is om broederliefde en volkseenheid te verkry ter vervulling van die WET. "Jy moet die HERE jou GOD liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan :Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele WET en Profete. "(Mat. 22:37-40).

d) *. . . "die GOD van ons Vaders aan ons regte Verordeninge en WETTE gegee het . . .":* Dit dui onteenseglik op 'n Verbondsvolk oor wie die NAAM van die HERE (JHWH) uitgeroep is. Dit word opgevolg met 'n skuldbelydenis nl.: . . . *"dat ons volk daarvan afgewyk het"*. Daar word ook bely dat die volk sy hoë roeping versaak het. Behalwe ongehoorsaamheid aan die WET het die volk ook as Verbondsvolk die ondernemings in die Volksgeloftes vergeet wat onder andere behels om 'n volkshuis te stig wat geklee is in die WET van GOD en om SY lof te verkondig deur Godsgehoorsaamheid waarvan broederliefde 'n toonbeeld sal wees.

e) As Verbondsvolk erken die volk ook GOD se strafgerig en neem die tugtiging aan: . . . *"maar ook tot ons straf onder mekaar getwis het".*

f) *"Gedagtig aan HOM wat ons nooit verlaat nie . . ."* is ons gebed dat HY aan ons volk die kennis van SY weë mag leer soos die bewandel moet word". Dit is ook die gebed van die Psalm skrywer: "Leer my, HERE, u weg. . (Ps. 86:11; 119:33). Hierdie gebed staan ook gelyk aan die gebedsversugting waar die HERE se hulp afgesmeek word om die volk instaat te stel om die Gelofte te kan nakom.

g) Hulp word afgesmeek vir die volkshuishouding: . . . *"in ons persoonlike, huislike en openbare lewe . . .":* Hierdie smeking val ook binne die denkraam van Gelofte aflegging soos Calvyn dit stel nl. :"Ons kan niks na behore aan GOD beloof as ons dit nie uit SY HAND ontvang nie aangesien alles wat ons HOM kan aanbied louter gawes van HOM af is. "

h) Die onderneming om in die toekoms Wetsonderhouding na te streef word plegtig beseel met die opheffing van die hande. "Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het"(Joh. 13:35) Die Volksverklaring val binne die kategorie van die Verbond van Esra en Nehemia nl., die sluit van 'n vaste Verbond(Neh. 9:38a) om te hou en te doen al die Gebooie van die HERE en SY Verordeninge en SY insettinge(Neh. 10:29c).

E. TERUGBLIK

Wanneer ons ons volk se uitlewing van die Groot Gebod van die HERE (JHWH)sederd 1939 tot 2016 in oe"nskou neem en meet aan die uitspraak van die SKRIF, nl. 1 JOH. 2:10en11, dan kan ons maar net saam met Esra bely:"En wat sal ons nou na al hierdie dinge sê, onse GOD? Want ons het u gebooie verlaat." Ons en ons Vaders het die Verbonde en die Gebod van Christus verontagsaam.

F. DIE PAD VORENTOE

Die Volksverklaring het volledig die karakter van die sluiting van 'n Verbond met die HERE(JHWH). Die Volksverbond van 9 September 1939 se verwysingsraamwerk sinkroniseer met die Bloedrivier - en Paardekraal Geloftes en broederskap verbond. Met betrekking tot die versaking van Heilige Verbonde, sê die Hervormer, Johannes Calvyn, soos volg: "Niemand kan die volmaakte gehoorsaamheid aan die WET van die HERE (JHWH) wat GOD van ons eis, in hierdie lewe volbring nie. Ons moet onthou dat GOD se genade Verbond met SY volk hiervoor voorsiening maak deur sondevergewing en hulpverlening."

Daarom moet ons volk die vingerwysing van die HERE (JHWH) in die huidige strafgerig bemerk, ons skuld besef en bely en GOD se hulp opnuut afsmeek om ons ondernemings in die Heilige Verbonde gestand te kan doen.

Met die verbond van 9 September 1939 word daar nie onderneem om die spesifieke dag te gedenk nie aangesien WETS-onderhouding 'n voortdurende ingesteldheid moet wees.

Hiermee word die volgende voorstelle aan die Volksvergadering voorgelê:

1) Dat die Vergadering intree vir ons volk se vergeet van die Verbond van 9/9/1939, dit bely en om vergifnis vra;

2) dat die Vergadering intree vir die sonde van broedertwis van ons Vaders en ons Hemelse VADER vra om dit ons nie verder toe te reken nie;

3) dat die Vergadering vir onsself en ons volk om vergifnis vra vir die broederveragting, twis of neerhalendheid teenoor ons naastes waaraan ons tot op hede voor die HERE (JHWH) skuldig is;en

4) dat die Vergadering die dag van 9 September proklameer as "Die dag van herinnering aan die WET van die HERE (JHWH)" as 'n dag van besinning vir die Geloftevolk.

   Verder moet die invloed van partyskappe en die blindelingse volging van leiers opnuut in oënskou geneem word in ons strewe na die stigting van die Huis van Bloedrivier.

   En ten laaste moet ons volk daarop bedag wees om nie GOD te versoek om ons patriotiese strewes te seën wanneer ons liefde en gehoorsaamheid tot HOM nie hierin voorrang geniet nie.

BRONNE

1) Die Transvaler, 11 September, 1939. Meer as 70,000 Afrikaners jubel oor hereniging van volk.

2) Die Volksblad, 15 September 1941.

3) Die Bybel. Ou Afrikaanse Vertaing, 1933.

4) Die Institusie van die Christelike Godsdiens, 1559; Johannes Calvyn; Vol. 4

5) Dit is Totius - J. D. du Toit 1877-1953; V. E. d'Assenville

6) Die Nasionale Party. Instituut vir eietydse geskiedenis. Die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Vol. 1 tot 5; 1924-1948.

7) Die strewe en stryd van ons Volk, 1902-1994; M. T. du toit.